Pretoria- 13 Januarie 2013

Skriflesing: Lukas 2:41-52
Teks: **Lukas 2:49,52**
Sing- Ps. 147:1,6; Ps. 119:4,5; Ps. 71:1,10; Ps. 145:1,3

Broeder en suster, ons gelese gedeelte is eintlik die enigste gedeelte in die hele Bybel wat ons iets meer van Jesus se kinderjare, die begin van sy tienerjare openbaar. Dit wat Jesus as kind gedoen het, toe Hy maar twaalf jaar oud was. In apokriewe geskrifte word daar baie oor Jesus se kindertyd gesê, maar soos ons weet daardie boeke kan nie as betroubaar gesien word nie (Art 6 van die NGB sê dit ook). Baie van die dinge wat apokrief geskryf staan, is op sigwaarde al nie betroubaar nie.

***

Ons het wel vanoggend dit kon lees wat in verskeie opsigte as waarlik getrou staan. Hoe Jesus in elke opsig van mens-wees dit duidelik maak Wie Hy is. God roep ons vanoggend dat ons en ons kinders in elke opsig ons krag mag vind deur die ontdekking Wie Jesus is en wie onsself moet wees. Wanneer ons vandag weer hierdie jaar se katkisasie mag open dan sal ons kinders besef dat wat ons van Jesus hier lees in baie opsigte ook tot hulle moet spreek. As dit oor skooljare sou gaan dan was Jesus op die ouderdom van Hy sou amper klaar wees met Laerskool, die Hoërskool sou binnekort begin. Dit wat as die begin van die tienerjare gereken word. 'n Tyd waarin kinders dikwels nogal moeite ondervind in wat hulle in hulleself en in die wêreld ontdek. 'n Tyd waarin hulle al meer begin wonder oor hulle identiteit, oor hulle geslagtelike ontwaking, oor wat ander van my dink. Ja, baie tieners kry in hierdie tienerjare swaar en baie kry seer omdat hulle aan die een kant nog sag, onervare en broos staan, aan die ander kant kry hulle al hoe meer met die lewe te doen wat met sy harde kante hulle nie spaar nie. 'n Harde lewe wat in baie opsigte nie weer ophou nie. So 'n lewe sou Jesus ook moes ingaan.

In wat ons vanoggend hier lees kom al hierdie dinge na vore. Ons lees van hoe Jesus se ouers Hom wou opvoed. Daarna sal ons sien dit waarmee Jesus se ouers in Sy opvoeding nie mee gereken het nie. In die laaste plek die dinge waarmee ons moet reken.

Hoe Jesus se ouers Hom wou opvoed:

Ons gelese gedeelte begin deur te vertel dat Jesus se ouers was met 'n jaarlikse instelling besig. Elke jaar was dit hulle gewoonte om met die Paasfees na Jerusalem op te gaan (v.41). Dit wat Josef en Maria doen was sekerlik ook ter wille van hulle kinders. Hoeveel kinders daar in hulle huis toe al was, weet ons nie, maar dat Jesus ander broers en susters gehad het, kan seker aanvaar word. Merkwaardig dat die Joodse wette en gebruike hier in aanmerking geneem moet word. Die wette het bepaal alle mans nader as 20 myl van Jerusalem hulle is

verplig om die Paasfees jaarliks by te woon. Diegene wat verder bly, word daar ten minste verwag dat so een dit darem eenmaal in sy leeftyd sal bywoon.

***

Nou het Josef en Maria van Nasaret afgekom, hulle doen dit jaarliks, terwyl hulle eintlik (soos die kraai vlieg) 60 myl (100 km) van Jerusalem af gewoon het. Soos die pad geloop het, was hulle nog vêrder van Jerusalem. Hulle was hoegenaamd nie verplig om jaarliks hierheen te kom nie. En dan doen hulle dit as man en vrou. Dit terwyl Maria eintlik nie verplig was om hierdie feeste by te woon nie. Die plig het in alle gevalle op die manne gelê. In Deut. 16:16 lees ons van die feeste wat die manne moes bywoon- *Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van die HERE jou God verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van die HERE verskyn nie.*

***

Josef, Maria met hulle gesin kom jaarliks die Paasfees bywoon. Vrouens was wel daar toegelaat, wat wys Maria doen saam met haar man die geloofsdinge uit diepe eerbied, uit diepe ontsag vir die Here se dinge. Hulle doen dit nie omdat hulle moet nie, maar omdat hulle dit wil doen. Die voorbeeld sou hulle ook vir hulle kinders daar wou stel. Om die Paasfees by te woon was eintlik ’n dubbele fees wat nogal lank geduur het. Ten minste 8 dae. Die Paasfees se eerste deel was waar ’n lam geslag is en sy bloed dan aan die deurkosyne gesmeer is. Alles dui op God wat die huise gered het waar die bloed van die lam die deurkosyne bedek het. Paasfees, of soos dit ook genoem word die Pasga, waar die woord pasga dui op *verbygaan,* God het die huise verbygegaan waar die bedekking was. Ná die Pasga het die Paasfees ’n tweede feestyd ingegaan, wat die fees van die ongesuurde brode genoem was. (In Ex 12 kan u hierdie feeste in hulle samehang en opvolg van mekaar gaan nalees.) Die tyd van die ongesuurde brode was die tyd wat alle suurdeeg weggeneem moes word. Alleen ongesuurde brood is sewe dae lank geëet wat wys op die haastige en intense wyse waarop hulle Egipte moes verlaat.

Wanneer Jesus sy twaalfde jaar ingaan dan was dit ’n fees aan Hom reeds goed bekend. ’n Fees wat sy ouers jaarliks opsoek. Dit is hoe Josef en Maria hulle kinders wou opvoed. Hulle het nie moeite en koste as verskoning wou gebruik om dit hierdie jaar nie wéér te doen nie, maar hierdie spesifieke jaar sou dit wat hulle hul kinders wou leer, hoe hulle hul kinders sou opvoed, op ’n manier anders gebeur. Nou word hulle die dinge geleer, die dinge ingelei

wat sou wys dat Jesus, hulle twaalfjarige seun is nie net hulle seun nie, maar Hy is groter, Hy is waarlik die Seun van God. Ons tweede gedagte stel dit-

Dit waarmee Jesus se ouers in hulle opvoeding nie mee gereken het nie:

As ons Luk. 2:49 lees dan is hierdie vers in verskeie opsigte besonders. Hierdie is die eerste woorde wat ons van Jesus Self lees. Tot hier word alles oor Jesus geskryf, wonderlike, heerlike, verby-menslike dinge, maar hierdie vers volgens hierdie evangelie is die eerste woorde uit Jesus se eie mond. Dit wat Hyself eerste sou sê wat God beskou as dit wat ons eerste van Homself, sy eie Kind moes hoor- *49 En Hy sê vir hulle: Waarom het u My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie?*

Dit sê die twaalfjarige Jesus. Vir 'n kind om in Israel 12 jaar te wees was anders as by ons nogal 'n belangrike gebeurtenis. Seuns word dan as seuns van die Wet ingelei. Hulle word gesien as nou kom die grootmenslewe vinnig nader. Na oorlewering het Salomo sy eerste regspraak op 12 jarige ouderdom gegee. Samuel sou ook 12 wees toe hy sy eerste profetiese roeping ontvang het. Ja, die getal 12 dra ryke simboliese betekenis in Israel. Die vermenigvuldiging van drie maal vier. God die Drie-Enige, gebind aan die volheid van die skepping, waar dit uit vier rigtinge bestaan. 3X4. Ja, die ou volke sou ook nog die 4 bestanddele van hulle bestaan as deel van die volkome vier reken. Water, vuur, lig en aarde. In die getal twaalf kom die hemele en die aarde bymekaar. Die eenheid tussen die hemelse en die aarde kom na vore. Ja, ons praat van 'n volle jaar is verby as daar twaalf maande verby is, 'n dag bestaan uit 2X twaalf ure, ja om dit alles te kroon daar was 12 stamme, op die einde, die apostels moes 12 wees. Dit alles verbaas ons nie dat die getal twaalf in Israel as heilige getal gesien word. Ouers het hulle kinders van die ouderdom 12 in die dieper dinge van die Wet wou inlei. Dan moes hulle verstaan hoekom daar 'n Wet is, ja kinders sou moes verstaan wat in Ps.119:89-90 staan- *Vir ewig, o HERE, staan u woord vas in die hemele.* *90 U trou is van geslag tot geslag; U het die aarde bevestig, en dit bly staan.*

Dit wat in die Psalm staan is eintlik direk op Jesus se antwoord aan sy ouers van toepassing. Die Woord staan vas in die hemele maar op die aarde word dieselfde Woord van geslag tot geslag bevestig. Die Woord moet ook op die aarde bly staan want God is getrou. Jesus die Kind van God uit die hemele, daar waar die Woord vas is, Hy het as die vleesgeworde Woord Hom nou op die aarde gevestig, die aarde moet die trou van God besef, Jesus sal dit bevestig-

Hy sê vir Josef en Maria - ...*Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie?*

Dit is waarmee Josef en Maria nie mee gereken het nie. Hulle wat oor baie dinge besorg was, hulle kinders in elke deel in die vrees van die Here wou laat opgroei, maar as Jesus ná die fees nog langer by die tempel bly, het hulle gereken dat Hy het hulle in die steek gelaat. *Kind, waarom het jy so met ons gemaak? Kyk, jou vader en ek het jou met angs gesoek...* Ja, dit is vir ouers seker die grootste oomblikke van angs en benoudheid, die vrees, ek weet nie waar my kind is nie. Drie dae se soektog, hulle was seker al meer as 25km uit Jerusalem weg, nou weer hierdie 25 km terug en dan op die derde dag kry hulle Hom eers. Daar waar Hy in die midde van die leraars sit. Dit is asof daar 'n katkisasieklas plaasvind. Hy luister na die leraars en die leraars word uitgevra (v.46). Dadelik stel Lukas dit duidelik dat hierdie leraars was verbaas oor sy leer, sy verstand en oor sy antwoorde.

Die leraars was verbaas, Jesus se ouers, die emosie by hulle is anders. Hulle verstaan nie. Die verslaenheid, die angs. Hulle verstaan nie werklik die omvang, die impak van Christus se Woorde en Christus se optrede nie. Dit wat ons aan die begin van die jaar moet aangryp, die impak, die omvang van om waarlik Christus met ons te hoor praat. Om Hom dit te hoor sê, die hemelse Woord met die aardse implikasies. Elke dag in hierdie jaar, dae van vreugde, van seën, van mooi dinge, maar ook dié dae wat dit swaar mag wees, neerdrukkend, tye van angs en verslaenheid, dit verander niks aan wat Psalm 119 sê- *Vir ewig, o HERE, staan u woord vas in die hemele.* ***90*** *U trou is van geslag tot geslag; U het die aarde bevestig, en dit bly staan.* Daarom laat ons die Woord van God met ons laaste gedagte vandag aangryp- As Jesus sê dat Hy in die dinge van sy Vader moet wees, dan het dit vir ons en ons kinders vandag besondere betekenis. Ons laaste gedagte dan-

<u>Die dinge waarmee ons moet reken:</u>

In die Afrikaanse vertaling kom die gebeure nie so mooi na vore soos wat in die Grieks hier bedoel word nie. Die een voorbeeld is die kontras tussen vers 42 en vers 51. Mense, dinge wat opgaan... Jesus-hulle het volgens die *gebruik van die fees na Jerusalem <u>opgegaan,</u>* vers 51 staan gewoon in die Afrikaans en *Hy het saam met hulle gegaan...* Die Grieks gebruik hier 'n woord *katebe*- wat beteken om "af te gaan"... Die teruggaan na Nasaret is geografies 'n afgaan, waar Jerusalem meer in die hoogtes is, as van Nasaret na Jerusalem gegaan word, dan gaan jy op, vanaf Jerusalem terug na Nasaret, dan *katebe* jy, dan gaan jy af... maar Jesus se

afgaan terug na Nasaret dui ook op hoe sy lewe 'n afgaan sou word vir ons. Hy onderwerp Hom, hier in besonder lees ons, sy onderdanigheid, hoe hy Hom aan sy ouers onderwerp het. Hy was aan hulle onderdanig. Hy wat God is, gaan af, Hy onderwerp Hom aan menslike gesag, dit wat in Fil.2:7 staan gebeur al hoe meer- Hy *het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword-* ook vers 8- *;* **8** *en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word...* Jesus se gehoorsaamheid, daaroor sal ons nie die woorde vind om dit genoegsaam te beskryf nie. Dit is waarmee ons moet reken. Wat ware gehoorsaamheid beteken?

Maar laat ons hierdie jaar ingaan met wat in vers 52 ook staan. Jesus het wel afgegaan, terug na Nasaret, maar daar het terselfdertyd, 'n toename, 'n groei plaasgevind. Ons lees weer vers 52- *Jesus het toegeneem in wysheid en grootte en in genade by God en die mense.* Jesus groei in vier dimensies. Elke dimensie so belangrik, ook vir 2013- 'n Toename in wysheid, in grootte in genade by God en die mense... Hoe wonderlik wanneer daar in die 4 dinge soos hier genoem, groei plaasvind, ook by ons, God se kinders. Om in wysheid te mag groei. Watter wysheid van Hom, hierdie twaalfjarige wat vir ons aan die begin van die jaar ook sê- ons moet toeneem in wysheid, dan gaan dit nie oor toename in boekekennis nie, maar wysheid gaan verby kennis. Wysheid gaan nie oor om feite te ken en dié te verstaan nie, maar wysheid wat die Bybel ons leer is om die dinge te ken wat regtig saak maak. Wysheid het te doen wanneer ek die onderskeid kan maak, tussen wat regtig belangrik is en die dinge wat nie so belangrik is soos die werklik wesentlike sake, die werklik belangrike sake nie. Jesus het hierin gegroei, Hy het ook gegroei in groote sê Lukas, wat wys op liggaamlike groei, op fisiese groei, maar geestelike volwassenheid vereis ook 'n groei-proses. Daarin sou Jesus ook groei.

En dan word die belangrikste al duideliker gemaak. Hy het gegroei in genade. Om te groei in jou verhouding met God, om te groei ook in jou verhouding met jou medemens, dit is nie aparte groei-prosesse nie. Jesus se aardse pa, Josef sou ondergeskik wees aan Wie God die Vader is. Ja, Josef verdwyn éintlik klaar van die toneel Al keer wat Josef nog weer in Lukas genoem word, is in 'n geslagsregister, daarna nie weer nie. Die vermoede is Josef is jonk dood. Maria, Jesus se aardse ma, sy word in Lukas ook net nog weer een keer op haar naam genoem en hoe ironies dan staan sy in Lukas 8:19 tussen die skare wat Jesus nie kon bereik nie. Jesus se groei in genade, is om te weet Hy sou sy ouers moes ontgroei, weg groei van

hulle af, dat Hy na ons toe kon groei. Hy ons Verlosser kon wees. Ja, na Lukas 2 is al wat werklik saak maak ons Hemelse Vader. *Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie...* Dit het Jesus bewys. Van nou af sal die klem nie val op sy aardse ouers nie, maar op sy Hemelse Vader. 'n Klem wat by ons in alle opsigte moet groei. Groei in wysheid, in rypheid, groei in verhoudinge, in verhouding tot God maar ook in verhouding tot my naaste. Mag 2013 vir ons ook so 'n groei jaar wees.

AMEN